



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

GRAAD 8 – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3 | Les: 1-9

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 Wie het regeer in die tyd van Eliméleg? (Rut 1:1)
a) rigters b) Saul c) Dawid d) keiser Augustus
- 1.2 Wat was die name van Eliméleg se seuns? (Rut 1:2)
a) Jakob en Esau b) Maglon en Giljon c) Ruben en Levi d) Kain en Abel
- 1.3 Wat was Naómi se skoondogters se name? (Rut 1:4)
a) Martha en Maria b) Ragel en Lea c) Rut en Orpa d) Maria en Elisabet
- 1.4 Wat het Naómi gehoor, het God aan sy volk gegee? (Rut 1:6)
a) manna en kwartels b) melk en heuning c) brood d) vleis
- 1.5 Voltooi: ... *mag die Here aan julle _____ bewys soos julle aan die dode en aan my bewys het.* (Rut 1:8)
a) goedheid b) guns c) genade d) liefde
- 1.6 Naómi gee vir haarself 'n nuwe naam, _____. (Rut 1:20)
a) Ragab b) Miriam c) Sara d) Mara
- 1.7 Naómi se bloedverwant was _____. (Rut 2:1)
a) Boas b) Moses c) Simson d) Paulus
- 1.8 Voltooi: *So vind ek dan _____ in u oë, my heer!* (Rut 2:13)
a) guns b) troos c) genade d) liefde
- 1.9 Naómi het Boas _____ genoem. (Rut 2:20)
a) weldader b) koning c) redder d) lossen
- 1.10 Rut en Boas se seun se naam was _____. (Rut 4:17)
a) Maglon b) Obed c) Nagson d) Peres

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

HERE, u, dood, Mara, geloofd, rigters, Naómi, hongersnood, geseënd, losser

- 2.1 In die dae toe die (A) _____ geregeer het, was daar (B) _____ in die land. (Rut 1:1)
- 2.2 ... net die (C) _____ sal skeiding maak tussen my en (D) _____. (Rut 1:17)
- 2.3 Noem my nie (E) _____ nie: noem my (F) _____. (Rut 1:20)
- 2.4 Mag hy (G) _____ wees deur die (H) _____, wat sy guns aan lewende en dode nie onttrek het nie. (Rut 2:20)
- 2.5 Toe sê die vroue vir Naómi: (I) _____ sy die HERE wat aan jou vandag 'n (J) _____ nie laat ontbreek het nie! (Rut 4:14)

**VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.
MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:**

- 3.1 Rut was 'n Moabitiese vrou. (Rut 1:4)
- 3.2 Naómi het gehoor God het aan die volk die Seun van die mens gegee. (Rut 1:6)
- 3.3 Rut het gesê: "U volk is my volk en u God bly net u God." (Rut 1:16)
- 3.4 Naómi was verbitterd en het haar naam na Mara verander. (Rut 1:20)
- 3.5 Naómi se bloedverwant was Josef. (Rut 2:1)
- 3.6 Boas het vir Rut by die koringlande weggejaag. (Rut 2:8)
- 3.7 Naómi was dankbaar vir Boas se barmhartigheid. (Rut 2:20)
- 3.8 Rut het langs Boas gaan gelê. (Rut 3:8)
- 3.9 Rut het ses mate gars van Boas af ontvang. (Rut 3:17)
- 3.10 Obed was die oupa van koning Dawid. (Rut 4:22)

VRAAG 4: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 4.1 Eliméleg het sy gesin na die veld van _____ geneem. (Rut 1:1)
- 4.2 Rut se skoonsuster se naam was _____. (Rut 1:15)
- 4.3 Boas het _____ as vrou saam met Eliméleg se grond bygekry. (Rut 4:10)
- 4.4 Twee vroue _____ en _____ het saam die huis van Israel gebou volgens die mense in die poort. (Rut 4:11)
- 4.5 Naómi het Obed se _____ geword. (Rut 4:16)

35 Punte

AFDELING B – JOHANNES 1-3

VRAAG 5: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 5.1 In die begin was die _____ ... (Joh. 1:1)
a) lig b) skepping c) Woord d) aarde
- 5.2 Die duisternis het die _____ nie oorweldig nie. (Joh. 1:5)
a) lig b) waarheid c) lewe d) Seun

- 5.3 Aan elkeen wat Hom aanneem en in Hom glo, gee Hy _____. (Joh. 1:12)
 a) kindskap van God b) die Woord c) wysheid d) die koninkryk
- 5.4 *En die Woord het _____ geword en het onder ons gewoon.* (Joh. 1:14)
 a) seun b) lewend c) sigbaar d) vlees
- 5.5 Die Eniggeborene wat van die Vader kom was vol van _____. (Joh. 1:14)
 a) heerlikheid b) genade en waarheid c) wysheid en kennis d) majesteit en glans
- 5.6 Christus doop met _____. (Joh. 1:33).
 a) water b) vuur c) die Heilige Gees d) olie
- 5.7 *En ek het gesien en getuig dat Hy die _____ is.* (Joh.1:34)
 a) middelaar b) Woord c) weg, waarheid, lewe d) Seun van God
- 5.8 “Rabbi” beteken _____ as dit vertaal word. (Joh. 1:39).
 a) God b) Meester c) Here d) Dominee
- 5.9 Die Here Jesus se eerste wonderwerk en teken was die _____. (Joh. 2:7, 8, 11)
 a) genesing van die melaatse b) genesing van siekes
 c) vermeerdering van die brode en visse d) verandering van water in wyn
- 5.10 Jesus het gesê Hy sal die _____ in drie dae oprig. (Joh. 2:19)
 a) kerk b) altaar c) tempel d) koninkryk
-

VRAAG 6: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

lig, Jesus, heerlikheid, God, geken, Lam, mense, genade op genade, ontstaan, volheid

- 6.1 ... *en die Woord was by God en die Woord was* (A) _____. (Joh. 1:1)
- 6.2 *In Hom was die lewe, en die lewe was die* (B) _____ *van die* (C) _____. (Joh. 1:4)
- 6.3 *Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom* (D) _____ *en die wêreld het Hom nie* (E) _____ *nie.* (Joh. 1:10)
- 6.4 *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy* (F) _____ *aanskou ...* (Joh. 1:14)
- 6.5 *En uit sy* (G) _____ *het ons almal ontvang, ja, (H) _____ op genade.* (Joh. 1:16)
- 6.6 ... *en toe hy* (I) _____ *sien wandel, sê hy: Dáár is die* (J) _____ *van God.* (Joh. 1:36)
-

VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 7.1 Een van Jesus se eerste dissipels was Matthéüs. (Joh. 1: 41-42)
- 7.2 Die *Woord* in Johannes 1:1 is die Here Jesus self.
- 7.3 Martha het na Jesus gegaan en gesê dat hulle geen wyn het nie. (Joh. 2:3)
- 7.4 Jesus het sy eerste wonderwerk in Jerusalem gedoen. (Joh. 2:11).
- 7.5 Die tempel is in ses-en-veertig jaar gebou. (Joh. 2:20)

- 7.6 Die man uit die Fariseërs se naam was Nikodémus. (Joh. 3:1)
- 7.7 Iemand wat uit water en Gees gebore word gaan in die koninkryk van God in. (Joh. 3:5)
- 7.8 Aäron het die slang in die woestyn verhoog. (Joh. 3:14)
- 7.9 God het die wêreld so liefgehad dat Hy vir ons die apostels en profete gegee het. (Joh. 3:16)
- 7.10 Christus het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red. (Joh. 3:17)

VRAAG 8: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 8.1 Wie was: *Ek is die stem van een wat roep in die woestyn*. (Joh. 1:23)
- 8.2 Wie het die Vader verklaar? (Joh. 1:18)
- 8.3 Die Heilige Gees het soos 'n _____ neergedaal uit die hemel. (Joh. 1:32)
- 8.4 *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy _____ gegee het ...* (Joh. 3:16).
- 8.5 Hy wat in die Seun glo, ontvang die _____. (Joh. 3:36)

35 Punte

AFDELING C - LES 1-9

VRAAG 9: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 9.1 Die gereformeerde belydenisskrifte word die Drie Formuliere van Eenheid genoem. (Les 1)
- 9.2 My enigste troos in lewe en sterwe word in en deur myself gevind. (Les 2)
- 9.3 Die sonde begin met 'n gedagte, later word dit gehoor en gesien. (Les. 3)
- 9.4 Die mens kan die wet van God ten volle gehoorsaam wees. (Les 4)
- 9.5 God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. (Les 5)
- 9.6 Elke mens het voor die sondeval 'n ware kennis van God gehad. (Les 5)
- 9.7 Die mens het elke dag die begeerte om net goed te doen. (Les 6)
- 9.8 Omdat God 'n God van liefde is, sal alle mense uiteindelik gered word. (Les 7)
- 9.9 Slegs Jesus Christus kon en het die skuld van sonde betaal. (Les 8)
- 9.10 Een sondaarmens kan vir 'n ander sondaarmens se sondeskuld betaal. (Les 9)

VRAAG 10: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

toorn, tydelike straf, ongehoorsaam, reg kan dien, gekoop, aangetas, Christus, suiwer leer, Heilige Gees, Bybel

- 10.1 Die doel en waarde van die belydenisskrifte is om die (A) _____ van die Bybel te verdedig en alle dwaalleer te bestry. (Les 1)
- 10.2 Jy behoort aan Jesus Christus omdat Hy jou (B) _____ het. (Les 2)
- 10.3 Alles van die mens is deur die sonde (C) _____. (Les. 3).
- 10.4 Sonde is om (D) _____ aan God te wees. (Les 4)
- 10.5 God het die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskape, sodat hy God sy Skepper (E) _____. (Les 5)

- 10.6 Die beeld van God wat deur die ongehoorsaamheid van die eerste Adam in ons vernietig is, kan (F) _____ weer in die mens herstel deur die werking van die Heilige Gees. (Les 5)
- 10.7 Die (G) _____ open die hart wat gesluit is. (Les 6)
- 10.8 Reeds in hierdie lewe ondergaan mense straf op die sonde deur baie ontberings, pyn, lyding, verwydering, wroeging en ellende. Dit is die (H) _____ waarvan die Heidelbergse Kategismus praat. (Les 7)
- 10.9 Die (I) _____ is en bly die hoogste gesag (Les 8)
- 10.10 Geen sondaarmens kan standhou voor die (J) _____ van God oor die sonde nie. (Les 9)
-

VRAAG 11: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 11.1 Wat beteken dit om iets te bely? (Les 1)
- 11.2 Wie is jou getroue Saligmaker? (Les 2)
- 11.3 Wat doen iemand wat hom bekeer? (Les 3)
- 11.4 Waaruit ken die mens sy ellende/sonde? (Les 4)
- 11.5 Wat beteken dit dat die mens voor die sondeval geregtigheid besit het? (Les 5)
- 11.6 Het babatjies sonde? (Les 5)
- 11.7 Aan wie het Jesus die wedergeboorte verduidelik? (Les 6)
- 11.8 Wat is die loon van die sonde volgens Romeine 6:23? (Les 7)
- 11.9 Wat is die Drie Formuliere van Eenheid? (Les 8)
- 11.10 Hoedanige middelaar en verlosser moet ons dan soek? (Les 9)

30 Punte

TOTAAL: 100 PUNTE